PETRE SE PIESANG EN TENNISBESKUITJIEROL

PETRE SE PIESANG EN TENNISBESKUITJIEROL
Vanmiddag se nagereg.
1 pakkie tennisbeskuitjies
1 blikkie Peppermint Caramel Treat
1 piesang in dun skyfies gesny en in suurlemoensap gedoop
Sjokolade om te smelt

Smeer tennisbeskuitjies weerskante met peppermint caramel treat.
Sit tussen elke koekie 2 skyfies piesang. Pak weer diee koekies opmekaar om ‘n rol te kry.
Smeer res van peppermint caramel treat oor koekies nadat hulle aan mekaar geplak is.
Draai styf toe in kleefplastiek, en sit in vrieskas oornag of vir ‘n paar uur.
Smelt sjokolade en ‘n klein bietjie melk. Meng goed en laat effens afkoel..
Haal koekies uit kleefplastiek, smeer bodem van bord met ‘n bietjie gesmelte sjokolade.
Plaas koekierol bo op en smeer kante en bo-op met gesmelte sjokolade, versier soos verkies.
Sit in yskas… laat rus tot jy wil bedien, begin dan op ‘n

skuinshoek sny soos op die prentjie.



Resep en foto: Petré Van Jaarsveld